
© Die Oratorium Uitgewery

# St. Bruno

## 6 Oktober

(c.1035-1101)

Om God te soek en in jou eie lewe te vind,
was die lewensdoel van hierdie gebedsman.
Daarvoor het Bruno ’n eervolle posisie
en goeie Kerklike loopbaan opgegee
om in die wildernis van Chartreuse
’n armoedige en eenvoudige bestaan
as kluisenaar te gaan voer:
’n Lewe gekenmerk deur alleenheid,
streng self-afsterwing en gebed.
So ontstaan een van die uitsonderlikste gemeenskappe
in die geskiedenis van die Kerk – die Kartuiser-orde.